



'N REGTE *road trip!*

Word 'n toeris in jou eie land. Werk 'n roete uit, sit die padkos in en val in die pad. Maryke Roberts het eers binnelands en toe kuslangs gery

As klein dogtertjie was vakansies my gunstelingtyd. My pa was met verlof, my ma het vir ons padkos gepak met gekookte eiers, reënboogbroodjies, kaassmeer en avokado, hoenderboudjies, frikkadelle en flesse koffie. Ons het dae lank beplan en ons voorraadopname herhaalde kere nagegaan om seker te maak ons het alles onthou.

My pa het bestuur, terwyl my ma na ons heil omgesien het: stywe skouers gevryf, eetgoed aangegee en my met allerhande "karspeletjies" besig gehou. Om dus op 40 te besluit om 'n reis deur my land te onderneem, met die ryery, eerder as die bestemming, die avontuur, het my ook dae opgewonde gehad. Ons besluit om nostalgies te wees en bespreek net by ons kus se top-*backpackers* – vyf oorblyplekke, 15 dae weg en ongeveer 3 000 km se ry.

Toe ek en my man jong verliefdes was, het ons 'n jaar met ons rugsakke deur Europa geryloop. Ek het steeds die rugsak, maar sien nie meer vir ryloop kans nie. Ek wil egter steeds met ander reisigers kuier, daarom die keuse van blyplekke vir rugsakstappers. Toe ek gaan oplees, sien ek hulle word net soos hotelle en gastehuise aan streng reëls onderwerp, kry grade-rings en is nie meer die vuil, afgeskepte slaapsale van vroeër nie.

Ons trek ná vier dae by vriende met 'n gehuurde motor uit Bloemfontein weg. Ons kattebak is tot barstens toe vol: verkykers, voël-, lees- en gidsboeke, kaarte, ons boulestel, kameras en padkaarte. Ons padkos is soos van ouds in foelie en Tupperware, ons musiekspeellys op die iPod is vir ons "Groot Reis 2011" opgestel.

Ons trek weg, net om te ontdek die iPod

se battery is pap en ons kan dit nie in ons gehuurde kar herlaai nie. Ons is dus op die radio aangewese. Ons skakel in op Lesedi FM en gee ons oor aan jazzklanke. Later vervaag dit op die agtergrond, terwyl ons ons verkyk aan die landskap wat verbygly.

Ons ry die "vriendelike N6-roete", kry eers Smithfield en stop daarna op Aliwal-Noord (200 km later). Die pragtige Hertzogbrug oor die magtige Oranjerivier, dui ons oorgang van die Vrystaat na die Oos-Kaap aan. Die radio kraak en raas, maar met 'n bietjie instel, is die jazz terug.

Ons wyk van die N6 af, draai weg na Lady Grey en Barkly-Oos op soek na 'n dorpie Clifford, omdat my man se naam Clifford is en ons graag 'n foto wil neem. Die blou lug is oortrek met spierwit stapelwolke wat lyk soos deeg wat uit 'n stukkende sak peul. Teen die horison sien ons hoe dit reën en die wind waai koel by ons rit in.

Ons reis van bykans 600 km, wat ons ses uur sou neem, neem ons 11 wonderlike, avontuurlustige ure. Klein nedersettings in groen landskappe en diep valleie laat 'n mens onwillekeurig aan Alan Paton se boek *Ah, but your land is beautiful* dink. Waar ons by afgesonderde huisies langs die pad duskant Rossouw en Morristown

(nie eers op alle kaarte gemerk nie) rigting vra, deel ons lekkergoed aan kleingoes uit. Ons speel karspeletjies en ek vryf stywe skouers en skink koffie.

Ons kom ounag by die Buccaneers Backpackers op Chintsa, 35 km noord van Oos-Londen, aan.

Twee Belgiese latte vertel ons oor borde spaghetti bolognese en 'n yskoue drankie dat dit hul tweede besoek aan die land is, dat hulle net by *backpackers* bly en al soveel vriende van regoor die wêreld gemaak het dat hulle bykans in enige land by hul nuwe vriende kan gaan kuier.

Oor ontbyt van vars vrugte, tuisgemaakte jogurt, muesli en heuning in die View of Africa-room, gesels ons met 'n Duitser en sy pa, wat al agt jaar lank saam toer. "Buccaneers is my gunsteling. Die mense is gaaf, die kos is uitmuntend en hier is soveel om te doen," vertel hy.

Terug op die pad, stop ons in Oos-Londen by die toerismeburo vir wenke oor wat om te sien. Oos-Londen is in die Amathole-distrik en sluit ook King William's Town, Mdantsane en Bisho in en lê op die Sonskynkusroete. Vir gesinne is die leeu-park in Thornpark baie gewild en jy kan leeus, tiere, jagluiperds, krokodille, sebras en 'n massa voëls sien. Die

Die ryery, eerder as die bestemming, die avontuur, het my dae opgewonde gehad

1 Stormsrivermond is 'n lushof wat natuurskoon betref. 2 Op Morristown en Rossouw het ons lekkergoed vir kleingoes uitgedeel. 3 Gaan kuier saam met die olifante by Chintsa se Inkwenkwezi. 4 By Stormsrivermond is daar 'n tropiese paradys en see wat die rivier ontmoet. 5 Daar's 'n pikkewyn-rehabilitasiesentrum by Kaap St Francis. 6 Die pragtige klipkerk net voor jy by Aliwal-Noord uitry. 7. 'n Toneeltjie in Rossouw. 8 'n Pragtige ligitoring by Kaap St Francis.



pak jou tas

kinders kan met die leeuwepies speel of die bokke voer, terwyl die gesin onder die bome braai. Die ander moet-sien volgens die toerismebeampte, is die Queensparkdieretuin. Ons wou egter die museum opsoek omdat dit 'n goeie idee van die geskiedenis van die streek gee. Jy kan byvoorbeeld die selakant hier sien. Dis 'n prehistoriese vis wat vir 400 miljoen jaar in die Indiese Oseaan voorgekom het en vermoedelik uitgesterf het, tot dit weer in 1938 in die Oos-Londense hawe ontdek is.

Dag vier is ons op die N2, met King William's Town, Grahamstad en Port Elizabeth op ons radar, voor ons vir twee dae by Jeffreysbaai gaan oorstaan. King William's Town is verwaarloos en 'n teleurstelling en ons druk deur Grahamstad toe. Hier word ons verwagtinge oortref met 'n magdom geskiedkundige geboue en gawe mense en kry ons die kans om onder die jakarandas te staan en in die middagwindjie die blomme om ons te sien neerreën. Ons maak 'n nota in ons dagboek dat ons in Julie terugkom vir die kunstefees, want om dié dorp boonop met kuns en mense van regoor die wêreld te ervaar, behoort 'n belewenis te wees.

Ons wou nog by Port Alfred en Boesmansriviermond indraai, maar die tyd haal ons in en ons ry Port Elizabeth deur en kry vinnig koers na ons slaapplek vir die aand. Ons word skuins voor agt deur Tom Emmett, die Island Vibe Backpacker-bestuurder, verwelkom. Hy sê ons moet ons sakke neergooi en eers kom eet: T-been met vars slaai en gebakte aartappel. Die Mexikaanse meisie langs my verstaan geen woord nie, maar klink glasies met my en wys met haar duim hoe goed die lewe hier nou eintlik is.

Ná twee dae van laat slaap, staptogte op die strand, sandduin- en branderplankry, nuwe vriende maak en adresse met ouerige Switserse reisigers (wat by ons wil kom kuier) uitruil, is ons op pad Stormsrivier toe, waar ons by Tube 'n Axe verweg word.

Hier is 'n magdom dinge om te doen: Jy kan die bekende Otterstaproeite gaan stap, oor die hangbrug by Stormsriviermond loop, bergfiets in die pragtige woude ry, gaan reksprong by Bloukrans (die hoogste reksprongbrug in die wêreld en ook die grens tussen die Wes- en Oos-Kaap) of

50 Vrouekeur 4 Maart 2011


Jou hart lê vir lank nog iewers langs die N6 in die groen landskappe en sing jazz ...

in 'n binneband op die rivier dryf of met 'n staalfoefieslaaid oor die watervalle gly. Ons haak een middag by die nuwe Marilyn's 60's Diner vas waar die Elvis-fees vanjaar van 29 April tot 2 Mei gehou word. Ons teug aan dik melkskommels, luister na Elvis uit 'n blêrboks en ná regte Amerikaanse burgers, eet ons *banana splits*.

Wildernis roep en soos ons nader aan die Kaap kom, raak ons motor al haastiger om huis toe te gaan. Ons iPod kry by The Beach House 'n herlaaier wat pas en uiteindelik is ons terug op ons eie musiek. Terwyl dit laai, is ons somer die nie-amptelike platejoggies vir die aand en speel ons musiek onder die melkhoutbome uit in die naglug tot oor die branders in die donkerte. Annie van Rensburg dra tuisgemaakte kerrie en varsgebakte brood aan, terwyl ons om die vuur stories met ander toeriste uitruil.

Ons laaste stop is Oudtshoorn, 'n plek wat al jare elke April tydens die Absa KKNK sy hart vir ons oopgooi en nou stil is. Ons bly daar by Backpackers Paradise. Ons stap laatnag in die strate, kyk die sterre, voel hoe die hitte van die dag uiteindelik wyk en slaap die slaap van die regverdiges. Die ander dorpe en *backpackers* waar ons oorgebly het, was op adrenaliensporte ingestel, maar Oudtshoorn dwing jou om te rus. Jy ry uit Swartbergpas toe, verken die Kangogrotte, ry fiets op die reguit paaie deur die Karoo en sit vir ure met sterk koffie en kaaskoek op Café Brulé se stoep, terwyl die lewe om jou gebeur en jy hoor van vloede, goeie oeste, Boetie wat terug is van Londen en die gegis oor die voorbladberig van die plaaslike koerant.

Die 15 dae op die pad laat jou huis toe verlang en jou eie bed slaap steeds die beste, maar jou hart lê vir lank nog iewers langs die N6 in die groen landskappe en sing jazz ...



Die oop vlaktes van die Vrystaat en Oos-Kaap bring vrede in jou gemoed.

KITSFEITE

- *Backpacker*-lodges is sosiale, gawe plekke waar jy met mense kan gesels, vanwaar jy interessante uitstappies kan onderneem, waar alles vir jou gereël kan word en jy vir avonture op- en afgelaai kan word. Jy kan tot ounag kuier, kaartspeel, reisstories uitruil, op jou stoepie sit of in die hangmat lê en lees. Dis interaktiewe akkommodasie sonder om die gerief in te boet. Neem egter jou eie handdoek en seep saam en ek pak altyd my kussing in, want dit maak die bed minder vreemd.
- Wees op die uitkyk vir die gratis *Alternative route – The independent traveller's guide of die Coast to coast – The definitive guide to backpacking in South Africa* wat oral by *backpackers* en toerismeburo's beskikbaar is.
- Van Suid-Afrika se beste *backpackers* is by Fair Trade in Tourism of by SA Youth Travel Confederation geregistreer. Dus is daar geen kommer dat die plekke nie op standaard gaan wees as jy daar aankom nie. Hoewel jy buite seisoen net kan opdaag, is dit altyd beter om plek te bespreek, veral aangesien almal nou van kamplek tot luukse akkommodasie bied en jy dan van jou voorkeur vir 'n sekere soort kamer verseker is.
- Die etes by *backpackers* is oor die algemeen uitstaande, teen die helfte van die prys. Ons reusebiefstukete het ons R48 pp gekos. Drankies is ook heelwat goedkoper as by ander plekke. As jy eers nesgeskop het, is daar geen rede waarom jy nie heeldag om die swembad of op die strand met eendersdenkende mense van ander lande kan kuier nie. Kinders is ook altyd welkom en spesiale gesinskamers en -huisies is ook beskikbaar. V